**Skriflesing:** Levitikus 16
**Tema:** Ons sondesyfers klop gelukkig nie.

Twee van Aäron se seuns is dood omdat hulle nie op die regte manier aan die Here offers gebring het nie. (Levitikus 10:1-7)

Moses waarsku Aäron om nie sommer enige tyd daar agter die gordyn in te gaan wat voor die verbondsark hang nie. God is in sy heiligheid daar teenwoordig. Hy mag nie net instap in die allerheiligste deel nie. Hy sal sterf.

Ons lees in Levitikus 16:4 wat die eerste ding is wat Aäron moet doen: "Verder moet hy die gewyde klere van 'n gewone priester aanhê oor 'n broek en hy moet 'n serp om sy lyf en 'n tulband op sy kop hê. Dit moet alles gewyde linneklere wees. Hy moet hom was voor hy dit aantrek."

Hy moet die spoggerige klere van die hoëpriester uittrek en gewone priester klere aantrek. Dit dui aan dat hy, gestroop van glans, nederig en klein voor God moet verskyn. Ek dink hier aan van die woorde van Psalm 2 soos dit in Hans du Plessis se Griekwa Psalms verskyn:
"Voorman, gebryk tog jou se kop,
en lyster vi my, slim advokaat:
hou op dink jysie Jirre se maat,
jyse lammerskaap in Hy se trop."

Die versoening en reiniging het verder soos volg verloop:
Aäron en die hoëpriesters na hom, moes met 'n jong bul as sondeoffer en 'n ram as brandoffer vir homself en al die priesters versoening doen.
Dan moet hy kole neem en dit in die allerheiligste op die deksel van die verbondsark gooi saam met n dubbele handvol wierook om rook te maak sodat hy nie vir God kan sien nie. God is so heilig dat niemand Hom kon sien en bly leef nie.

Die bul se bloed is agter die voorhangsel ingeneem, op die ark gesprinkel en ook in die heiligste deel van die tempel.

Daarna het die twee bokramme, geskenk deur die volk, as sondeoffer aan die beurt gekom. Met hulle is versoening gedoen vir al die sondes van die Israeliete. Die een bokram is geloot om geoffer te word "vir die Here" en die bloed is ook agter die voorhangsel en in die heilige dele van die tent van samekoms gesprinkel as teken van versoening.

In die heiligste en allerheiligste deel van die tent van ontmoeting het omtrent net die priesters gekom. Die hoëpriester het net eenmaal 'n jaar in die allerheiligste ingegaan om namens die volk te offer. Dit is waaroor Aaron in Levitikus 16 touwys gemaak word.
Die feit dat dié dele met bloed gereinig moet word, dui daarop dat alle mense sonde het en dat sonde oral inkruip. Sonde is nie 'n privaat aangeleentheid nie. Dit beïnvloed altyd ander mense.

Van die tweede bokram lees ons in Levitikus 16:20-22: [20]"Nadat Aäron die Allerheiligste, die tent van ontmoeting en die altaar gereinig het, moet hy die lewende bok nader

bring. [21]Terwyl hy dan sy twee hande op die kop van die bok lê, moet hy ál die oortredinge en opstandigheid, al die sondes van die Israeliete daar bo-oor die bok bely. Sodoende sal hy die sonde op die kop van die bok oordra. Iemand wat beskikbaar is, moet dan die bok die woestyn injaag. [22]So sal die bok al hulle sonde met hom saamdra na 'n onherbergsame streek toe en daar in die woestyn moet hy agtergelaat word."

Na hierdie gebeure moes Aaron en die man wat die bok in die woestyn ingeneem het, hulself was en reinig.
Heel laaste is 'n skaapram as brandoffer gebring wat die versoening voltooi het vir die hele volk in die teenwoordigheid van die Here.

God gee aan die volk 'n opdrag dat hulle elke jaar op hierdie manier 'n groot versoeningsdag moet hou. (Levitikus 16:29-33)
Die groot versoeningsdag of Yôm Kipper is vandag steeds een van die belangrikste dae op die Joodse kalender. Op ons almanakke is dit so aan die einde September, begin Oktober se kant.

My en jou sondebok was Jesus Christus. God het ons sondes op hom laat afkom. Jesus is ons groot hoëpriester wat nie net 'n offer gebring het nie. Hy was die volmaakte offer in ons plek.

In Hebreërs 9:11-14 lees ons:
"[11]Maar Christus het gekom as Hoëpriester.
[12]Met sy eie bloed en nie met dié van bokke en kalwers nie, het Hy net een maal die heiligdom binnegegaan en 'n ewige verlossing tot stand gebring.
[13]Wanneer die bloed van bokke en bulle en die as van 'n vers op die onreines gesprinkel word, maak dit hulle uiterlik rein.
[14]Dink net hoeveel duisend keer meer aanvaarbaar sal die bloed van Christus ons dan vir God maak.
Die Heilige Gees het Jesus gelei om Homself aan God te offer al het Hy niks verkeerds gedoen nie. So bevry Hy ons van die bekommernis wat ons het oor al die verkeerde dinge wat ons gedoen het en waarvoor ons eintlik net die dood verdien. Nou kan ons die lewende God voluit dien." (Vers 14 uit "die Boodskap" vertaling)

Christus se verlossing het vir ons finale en permanente versoening met God gewerk. Die herhaling van offers en seremonies is nie meer nodig nie. Ons hoef nie elke jaar versoeningsdag te hou nie. Deur sy offer aan die kruis het Hy eenmalig en voldoende vir al ons sondes betaal,

Ons sondesyfers klop nie. In en deur Jesus se offer en ons bely van ons sonde met 'n ware berou en 'n opregte geloof, het ons 'n nuwe status. Ons is volkome vry van sonde. Hy reinig ons sodat ons heilig lewe.
Ons kan nou met 'n opregte hart en absolute vertroue, sonder enige skuldige gewete, skoon en volkome aanvaarbaar voor God en mekaar verskyn.
Amen